# Suid-Afrikaanse slawerny op die web

DR HELÉNE VOLLGRAAFF
**Kurator/Wetenskaplike**
**Sosiale Geskiedenisafdeling**
**Iziko Museums van Kaapstad**

Iziko Museums van Kaapstad het op 1 Desember 2002 die eerste gedeelte van hul webruimte, *Heritage of slavery in South Africa*, bekendgestel.

Die vroeë Kaapse geskiedenis is onherroeplik aan slawerny verbind. Die Kaapkolonie was 'n volwaardige slawesamelewing. Tot 1806 was daar meer volwasse slawe as volwasse burgers in die Kaapkolonie. Slawe het ook die ruggraat van die kolonie se ekonomie gevorm.

Die nalatenskap van slawerny is groot. Baie mense in Suid-Afrika (SA), wit en swart, is afstammelinge van slawe. Genealogiese navorsing is een van die groeipunte in slawenavorsing. Baie mense glo ook dat slawe 'n groot rol gespeel het in die ontwikkeling van Afrikaans. Dan is daar nog die slawe se bydrae tot Suid-Afrikaanse kostradisies en die talle geboue wat deur slawe gebou is en wat steeds staan.

Iziko Museums van Kaapstad het aan die einde van 2001 begin met 'n projek om die geskiedenis van slawe op die Internet toeganklik te maak. Die eerste bladsye van die webruimte is op 1 Desember 2002 bekendgestel. Die datum is gekies omdat die vrystelling van slawe op 1 Desember 1834 plaasgevind het. Die dag word jaarliks as Emansipasiedag in Kaapstad herdenk.

Die webruimte is deel van 'n groter projek om slawegeskiedenis toeganklik te maak. Iziko Museums van Kaapstad het tot stand gekom met die samesmelting van vyf bekende nasionale museums, naamlik die SA Kultuurhistoriese Museum, die William Fehrversameling, die SA Museum, die SA Nasionale Galery en die Michaelisversameling. Iziko bestuur vyftien geboue in en om Kaapstad waarvan 'n hele paar 'n direkte slaweverbintenis het. Dit sluit die Slawelosie (voorheen bekend as die Ou Hooggeregshof) en Groot Constantia in. Iziko het ook 'n teenwoordigheid in die Kasteel De Goede Hoop wat 'n slaweverbintenis het. Benewens navorsingsprojekte, is Iziko ook besig om 'n museum oor slawerny en 'n Herinneringsentrum (Memorial Centre) in die Slawelosie te ontwikkel.

Die webruimte verskaf omvattende inligting wat nuttig te pas sal kom vir toeriste, leerders en navorsers. Die webruimte bestaan uit vyf bladsye waarvan twee volledig en twee gedeeltelik vanaf 1 Desember 2002 beskikbaar is.

Die eerste bladsy gee 'n opsomming van slawegeskiedenis aan die Kaap. Dit gee inligting oor:

- wat slawerny beteken
- waar slawe vandaan kom
- hoe mense in slawerny beland het
- slaweroetes na die Kaap
- die werk wat deur slawe gedoen is
- die private lewe van slawe
- wat 'n lewe van slawerny behels het
- verhouding tussen slawe en slawe-eienaars
- vrystelling van slawe
- die nalatenskap van slawe.

Hierdie inligting is vanaf 1 Desember 2002 beskikbaar. Gedurende 2003 sal die bladsy aangevul word met riglyne vir onderwysers oor hoe om die inligting in die klaskamer te gebruik.

Twee verdere bladsye wat reeds beskikbaar is, gee inligting oor die Slawelosie en Groot Constantia se geskiedenis. Die Slawelosie het die slawe wat aan die Verenigde Oost-Indische Compagnie (VOC) behoort het, gehuisves. Groot Constantia is deur slawe bewerk en is 'n goeie voorbeeld van die werk en lewenswyse van slawe op groot wynplase gedurende die 17de eeu.

Die bladsy met primêre bronne is ook beskikbaar, maar daar lê nog baie werk voor voordat die volle potensiaal van hierdie bladsy bereik sal word. Op die oomblik is daar enkele lewensverhale, transkripsies van dokumente, foto's en illustrasies en 'n beskrywende bibliografie beskikbaar. Werk gaan voort om databasisse oor slawe beskikbaar te stel en om lewensverhale en illustrasies uit te brei soos dit beskikbaar word. Iziko versoek ook dan almal wat sulke materiaal het, om hulle te kontak. Die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika en die Nasionale Argief het reeds onderneem om Iziko te help om primêre bronne oor slawe op die Internet beskikbaar te maak.

Die laaste bladsy word deur die Wes-Kaapse Museumdiens, Departement Kultuursake en Sport, voorberei en handel oor geboue en plekke met 'n slaweverbintenis in die Wes-Kaap. Hierdie bladsy is veral op die toeris gemik en sal met kaarte en foto's geïllustreer word. Hierdie bladsy sal ook in gedrukte vorm beskikbaar gestel word.

Iziko bedank die volgende instellings en individue vir hul bydrae tot die webruimte:

- SA Erfenishulpbron Agentskap
- SA Nasionale Argief
- SA Nasionale Biblioteek
- Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Kultuursake en Sport
- Prof Nigel Worden, Departement Geskiedkundige Studies, Universiteit van Kaapstad
- Dr Antonia Malan, Historiese Argeologie Navorsingsgroep, Universiteit van Kaapstad.

Navrae kan gerig word aan dr Heléne Vollgraaff, e-pos: <hvollgraaff@iziko.org.za> Die webadres is *www.museums.org.za/iziko/slavery.*

▽ *Visualisering van die Herinneringsentrum in die Slawelosie*

